LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: laervolk@netactive.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

25-04-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 14 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

HEMELVAART VIND PLAAS OP 5 MEI 2016.

Kairos Dagmark vind plaas op 23 Julie 2016 vanaf 08:00 - 17:00.
R150 per stalletjie. Kontak vir Liz Spoelstra by 0163417020 of 0834255987

1 **GR 1 - 2017 INSKRYWINGS:**

Ouers moet asb kennis neem dat Graad 1 -2017 inskrywings sluit op 31 Mei 2016.

2 **KOOR**:

Slegs die Junior koor oefen vanmiddag. Daar is nie oefening vir die Senior koor nie.

3 **SKAAK**:

- Ons 0/9, 0/11 en 0/13 spanne het Saterdag te Midvaal in die D7 skaak liga deelgeneem en elke span is as wenners aangewys in hulle afdeling. Baie geluk aan elke speler wat sy/haar opponent uitoorlê het! Ons is baie trots op ons skaakspanne!
- Die 0/9 en 0/11 spanne dring deur na die Gauteng Provincial Schools Team Chess Championships wat op 19 Augustus te Waterkloof sal plaasvind.
- Die 0/13 span dring deur na die Sedibeng Liga Finaal wat op 12 Augustus sal plaasvind.
- Baie dankie aan ons spanbestuurders wat gehelp het Saterdag asook ons ouers en die Heidelberg Skaakklub.
- Daar is Maandag vanaf 16:00 - 16:45 skaakoefening slegs vir al die beginners.

4 **SKOOLGELDE**:

- Ouers word ernstig versoek om asb die regte **VERWYSINGSNOMMER** te gebruik indien u gelde elektronies (EFT) oorbetaal. Kontak vir Elna indien u onseker is.
- Ouers moet asb in die leerders se tasse kyk vir u rekening.

5 **NETBAL**:

- Baie sterkte aan al ons netbalspanne wat vanmiddag wedstryd speel teen Laerskool Midvaal.
- Baie geluk en sterkte aan Danielle Verwoerd wat deurgaan na rondte 2 van die Gauteng Proewe.
- Afrigters sal met die netbalspanne reël vir Dinsdag se oefening. Daar is wel normale oefening vir al die spanne op Donderdag.
- Daar is Dinsdag, 3 Mei 2016 'n tuis wedstryd vir 0/10 - 0/13 spanne teen Laerskool DF Malherbe.

6 **RUGBY**:

- PA EN SEUN RUGBYDAG IS OP 21 MEI - BULLE VS STORMERS OP LOFTUS! Alle skeurstrokies en gelde moet Vrydag, 29 April almal in wees.
- Baie sterkte aan al die rugbyspanne wat vanmiddag teen Laerskool Midvaal speel.
- Ons speel Dinsdag, 3 Mei 2016, 0/9 - 0/13 rugby teen Vaalpark, tuis.
- Baie geluk aan die volgende seuns wat vir die Valke Suid groep gekies is:
  0/12: Nihann Botha en Jandré Meyer
  0/13: Logan Harvey, Ruben La Grange en Michael Pieterse

7 **SPORTS 2 SPORT WINKEL:**

Daar het 'n nuwe sportwinkel oopgemaak in die sentrum oorkant die skool.
Kontak gerus vir Johan Wessels by 0718980475 vir enige navrae.

8 **KULTUURAAND 2017:**

Kultuuraand 2017 vind plaas op Vrydag, 17 Februarie 2017. Ons gaskunstenaar is Adam Tas. Kaartjies gaan beskikbaar wees teen R300 per kop. U kan nou al u tafel bespreek by Chrisna 0760519176.

9 **WILDSFEES**:

Ons jaarlikse Wildsfees vind plaas op Saterdag, 4 Junie 2016.
Kaartjies of tente (30 gaste) is beskikbaar by Chrisna.
Vol = R150 per kop; Hoërskool leerders = R80 en Laerskool leerders = R50

10 **KLEREBANK**:

Ons kort asb winter skoolklere veral sweetpakke vir die klerebank.

11 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**

Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 24 Julie - 6 Augustus, asook Saterdag, 13 Augustus by Heidelberg Public School. Sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Mei 2016.
Kostes:

Individueel: R80 p/inskrywing	Duet: R120 p/inskrywing
Klein groepe: R150 p/inskrywing	Groot groepe: R200 p/inskrywing

Alle inskrywingsvorms, gelde en navrae is by Juf Helanie Willemse in klas 2.
(Heidelberg Eisteddfod sluit alle afdelings in).
Inskrywings en vorms sal beskikbaar wees vanf Maandag, 18 April. Bring asb. die regte gelde, kleingeld is nie beskikbaar in klas nie.

12 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD:**

Suikerbosrand Eisteddfod vind plaas vanaf 1-9 Junie (Groep 1) en September (Groep 2). Inskrywings vir Groep 1 sluit 29 April 2016.

- Groep 1 bestaan uit Afdeling A: Afr en Eng voordrag
  Afdeling B: Redenaars
- Eisteddfod vind plaas by die TPA saal, Heidelberg

Kostes:

Individueel: R35 per inskrywing Groepe: R90 per inskrywing

Inskrywings en gedigte is beskikbaar vanaf Maandag, 18 April 2016.

Gedigte en inligting asook inskrywings word gedoen by Juf Danéll Oosthuizen, klas 6.

Bring asb. die regte gelde! Kleingeld nie in klasse beskikbaar nie.

13 **KLEUTERATLETIEKDAG**:

Baie dankie vir u elkeen se ondersteuning en positiewe gesindheid die afgelope Saterdag. Ons waardeer u baie!

14 **EKSAMENROOSTER: JUNIE 2016**

Onderrigtyd gaan normaalweg voort na elke eksamensessie. Leerders verdaag om 13:45.

Maandag	***Dinsdag***	***Woensdag***	***Donderdag***	***Vrydag***
30	31 Engels Taal Gr 4-7	1 LO -Gr 7 LV -Gr 4-6	2 SK Gr 7	3 Gesk Gr 4-7
6 NW - Gr 7 NW en Teg - Gr 4-6	7 Aard Gr 4-7	8 Wisk Gr 4-7	9 Gewone skooldag	10 Teg Gr 7
13 Afr Gr 4-7	14 EBW Gr 7	15	16 Vakansiedag	17

15 **KLUB 1907:**

Hiermee wil ons julle laat weet dat ons Vrydag, 6 Mei 2016 om 16:00 'n Olifant veiling hou by die Paradys te Laer Volkskool.

Wat dit behels:

- **Veiling van goedere** wat uit die Volkie stoor kamers kom. Bring julle kontant saam.
  - Dit sluit in maar is nie uitsluitlik tafels, stoele, borde, ens.
- **Wyn Veiling**
  - Bring asb. 'n bottel wyn as skenking vir die klub en ons sal dit opveil ter fonds insameling vir die Klub.
  - Bring ook asb julle beursies om wyn te koop.
- Julle is dan ook welkom om 'n **stalletjie te kom opslaan** op die terrein om julle eie produkte te verkoop.
  - Ons vra dan vir 'n donasie vir die gebruik van die grond.
- Laastens het **Dankbaar slaghuis** aangebied om **braai pakkies te verkoop** op die dag sodat ons lekker kan braai en kuier.
  - Ons sal sorg vir die braaiers en houtskool.

16 **"BESKRYF JOU MAMMA" - KOMPETISIE**:
Heidelberg Mall loods bogenoemde kompetisie. Daar is geen inskrywingsgeld betaalbaar nie. Leerders moet slegs hulle mamma in 'n prentjie uitbeeld. Die mamma en die klasjuffrou kan pryse wen ter waarde van R2 000. Onthou jou naam en graad en skool, agterop die tekening. Al die tekeninge moet Dinsdag, 3 Mei by Chrisna ingehandig word.

17 **EKSTRA REK KLASSE VIR GR 8 -12:**
Geregistreerde Rekenmeester (BAP(SA)) en Geregistreerde Belasting Praktisyn – Vir u onafhanklike Rekeningkundige funksies en verslagdoening , Maandelikse Betaalstate asook verwante opgawes, en Belasting behoeftes. Ekstra Rekeningkunde Klasse vir Graad 8 – Graad 12. Kontak Jeanie Harvey 071 6000 637 of stuur 'n e-pos na jeanie@camfin.co.za.

18 **KONTAKNOMMERS**:
Dis in belang van u kind dat u enige adres- of kontaknommer wat verander, in die kind se huiswerkboekie moet aan teken.

19 **HARTKLOP**:
Ouers, ons vra weer u hulp om ons voorrade aan te vul vir ons behoeftige gesinne vir die winter! U kan stuur wat op u hart is! Beddegoed, skoonmaakgoed, blikkies kos, klere, skoene, is alles welkom. Kontak gerus vir Mev Hilda Griffiths by 0714345277 vir enige verdere navrae.

20 **WINTERSDRAG**:
Vanaf Dinsdag, 3 Mei trek die leerders amptelik wintersdrag aan. (Kyk in die Huiswerk-boeke op bl. 13). Ons weet die oggende is koud en later word dit warmer. Leerders kan deur die dag die warmer toppies en truie uittrek. Oorwegend wit tekkies word saam met die sweetpak gedra. Leerders wat nie wit tekkies het nie, moet asb die formele drag met swart skoolskoene en grys skoolkouse (seuns) /swart sokkies of swart skoolsykouse (dogters) dra.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF